kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Skielik Is Jy Vry

As niemand van jou hoor nie;
as niemand van jou weet nie,
kan jy tog niks verloor nie–
kan niemand jou vergeet nie.

As niemand jou bemin nie;
as niemand jou ooit raak nie,
kan niemand trou versin nie–
kan niemand jou versaak nie.

Dis tog so eenvoudig:
Dis jy, alleenlik jy;
en die groter sorge gaan vanself verby.
Niks om te verhaal nie;
net die vrede bly;
niks om te betaal nie–
en skielik is jy vry.

As jy op niemand leun nie
en niks van iemand vra nie,
hoef niemand jou te steun nie;
hoef niemand jou te dra nie.

Dis tog so eenvoudig:
Dis jy, alleenlik jy;
en die groter sorge gaan vanself verby.
Niks om te verhaal nie;
net die vrede bly;
niks om te betaal nie–
en skielik is jy vry.

Koos du Plessis

Woorddiens

Lesing 1: Handelinge 2:37-47 (1953)

37 TOE hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het
vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen,
broeders?
38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle
gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing
van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees
ontvang.
39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal
wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.
40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en
vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.
41 Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is
gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele
toegebring.
42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die
gemeenskap en in die breking van die brood en in die
gebede.
43 En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens
het deur die apostels plaasgevind.
44 En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het
alles gemeenskaplik besit.
45 En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die
opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig
gehad het.
46 En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel
en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met
blydskap en eenvoudigheid van hart geniet,
47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele
volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die
wat gered is.

Tema: Waarom sou jy aan 'n gemeente behoort? Nr 3

Om Gemeenskap te vorm en gemeenskap te dien

Broodjies vir die Pad

Freedom's just another word for nothing left to lose.
Nothing ain't worth nothing but it's free.
Feeling good was easy, Lord, when Bobby sang the blues.
Feeling good was good enough for me,
good enough for me and Bobby McGee.

Kris Kristofferson

◆◆◆

Christopher Bryant tells a story about C. G. Jung that ought to inform the way preachers deal with the subject of the Trinity:

Jung tells us of an incident causing him acute disappointment when his father was preparing him for confirmation. His father's instructions were based on a catechism. The young Carl looking ahead at the syllabus waited impatiently for the time when they would reach the section dealing with the doctrine of the Trinity, which fascinated him. When at last the point was reached his father said, "We will pass over this section, it is not important, and I can make nothing of it myself." With that remark the boy's hopes were dashed to the ground and he lost all further interest in the course of instruction.

[...]

For my money the oldest "explanation" is quite convincing but unfortunately it is not often used or, because of poor translations, obfuscates rather than clarifies. Tertullian used language that came from the performing arts, not from philosophy. He referred to the mask of the actor *prosopon* in Greek, as that which God "donned" when acting as Creator, Redeemer or Paraclete.

[...]

I believe that the most important thing to convey about the idea of the Trinity is that our ancestors in the faith wanted to

preserve the fact that God is a community. Three in the community is what the tradition has taught, but there is no reason to limit God's internal, loving community to "three." In process thought we believe that beings are also communities. Humans are socially organized communities with a regnant actual occasion. Paul's reference to the body, even in its rudimentary presentation, suggests that parts of the body are similar to parts of a community.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary

◆◆◆

herfs

vandag staan die wolke skeef
druppende kerswas oor die land
ek wil dit nie verlaat nie

in die tuin 'n geveg tussen vinke
verwers met kwasse en lere poleer
my mure met die kleur van sand

niks hiervan wil ek opgee nie

hoe laat is die groot verlaat
en sal jy later in jou eensaamheid
alle gedagtes oor ons liefde prysgee

vandag vlam die bome herfs teen die berg
alle vensterrame staan oop in die lig
vir die vars vernis om droog te word

dit wil ek nie agterlaat nie

Marlise Joubert

Brood vir die Pad

Hier staan ek…

22/10/2011

Duisende mense in die Afrikaanse gemeenskap voel verwyderd van die fundamentalistiese en dogmatiese sienings van Christenskap en verlaat die tradisionele kerke. Hulle voel dikwels skuldig en alleen en is onder die indruk dat daar iets fout is met hulle. Getrou aan hul Afrikaanse karakter, soek hierdie mense nuwe gespreksgenote en gemeenskappe waarin hul nuwe spiritualiteit kan uitdruk. Die boek *Hier staan ek* is die resultaat van sodanige gesprekke.

'n Brief aan ons lesers

Liewe Leser

Wanneer jy hierdie boek die eerste keer deurblaai, sal jy jou miskien afvra waarom ons 'n versameling stories wou bundel waarin 'n aantal skrywers vertel van hul spirituele groei en ontwikkeling weg van waarhede wat nie meer vir hulle sin gemaak het nie, en van koersveranderings wat hulle in hul geloof gemaak het.

As antwoord hierop vra ons jou om, voordat jy die boek aandurf, 'n paar minute te luister na ons verduideliking van wat ons bedoeling daarmee was, en begrip hê vir wat die verskillende skrywers probeer sê.

Oor die afgelope paar jaar het ons drie redaksielede opgemerk dat heelwat van ons vriende en kennisse, net soos ons, probleme ondervind, of ondervind het, met kerke se boodskap en met die verstaan van die Bybel. Om watter redes ook al, was hulle egter huiwerig om daaraan uiting te gee. Ons sal nie verbaas wees as daar meer van diesulkes is as wat algemeen vermoed word nie. Miskien sluit dit jou wat nou hier lees, ook in.

Ons het dus gereken dit sou 'n goeie idee wees om die stories bymekaar te bring van 'n aantal persone wat uit 'n stewige kerklike agtergrond kom, maar wat om 'n verskeidenheid redes nie meer tuis of gemaklik voel met die godsdienstige inhoude waarmee hulle grootgeword het en geleer is nie. Wat hulle vertel kan, so meen ons, 'n aanduiding wees van die soort probleme waarmee nie net leke nie maar selfs ook teologies geskooldes worstel. En daaruit kan almal wat van geloof erns maak iets leer – ook kerke en mense wat nié die sienings deel wat hier gelug word nie.

Die stemme wat jy sal hoor, is dié van 'n paar mense van wie se standpunte ons bewus geword het. Die name van enkeles van hulle is waarskynlik aan jou bekend, maar van die meeste het jy waarskynlik nog nie gehoor nie. Dit is presies wat ons wou hê: Ons wou aan jou 'n wye spektrum stemme voorhou, 'n spektrum van bekend tot onbekend, dus van die soort mense van wie jy ongemaklike vrae en opinies sou verwag, maar ook mense van wie jy dit miskien nié sou verwag nie. Die skrywers wat ons aan jou voorstel, moes uit verskillende dampkringe en van verskillende agtergronde kom, aan verskillende invloede blootgestel gewees het, verskillende persoonlikhede hê en hulle op verskillende paaie bevind. Ons wou met ander woorde 'n verskeidenheid sienings laat hoor: van berustend tot opstandig, en in stemme wat wissel van bedaard tot uitgesproke. Die een raakpunt wat al die skrywers by mekaar uitbring, is egter hul reise na nuwe geloofsinsigte; hul soeke na groter duidelikheid as dit waarmee hulle begin het.

Ons het bydraers gevra om hul spirituele reise openhartig, uit die hart, met ons te deel. Dit moes vertel *hoe* en *waarom* dit gebeur het dat hulle koersveranderings in hul geloofslewe ondergaan het. Dit moes in die eerste plek *stories* wees en nie teologiese diskoerse nie, hoewel geloofstandpunte onvermydelik deel van die vertellings sou uitmaak. Ons wou met ander woorde die *mense* agter die reise aan die woord stel.

… Lees verder op www.kletskerk.co.za.

http://kletskerk.co.za/tuisblad/archives/513

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877